Senwes transaksie: "MGK sal altyd verantwoordelik en in belang van die maatskappy optree"

MGK se belanghebbendes word verwys na die omsigtigheidsaankondiging op 22 Julie 2010 in Beeld gepubliseer en 'n persverklaring uitgereik op 21 Julie, wat gehandel het oor MGK se voorneme om 'n transaksie met Senwes aan te gaan in terme waarvan Senwes 'n aandelebelang in MGK verkry, onderhewig aan sekere voorwaardes.

Die media het sedert die aankondigings hierbo na verwys verskeie berigte geplaas, onder andere in Rapport van 14 Augustus 2010 en 21 Augustus 2010, wat handel oor 'n dispuut tussen twee van Senwes Beperk se aandeelhouers, naamlik Senwesbel Beperk ('n publieke maatskappy primêr deur boere besit) en Treacle ('n privaat beleggingsgroep).

MGK dra reeds 'n geruime tyd kennis van die dispuut sowel as van die regsaksie deur Treacle in die Hooggeregshof aanhangig gemaak teen Senwesbel Beperk. Die direksie van MGK wil egter ons aandeelhouers, personeel en kliënte verseker dat die belange van MGK eerste gestel sal word in enige besluite wat geneem word met betrekking tot die voorgenome transaksie tussen Senwes Beperk en MGK. Die direksie sal deurentyd op verantwoordelike wyse oorweging skenk aan al die relevante inligting soos dit beskikbaar raak ten einde die moontlike gevolge wat die dispuut en gepaardgaande regsaksie teen Senwesbel op MGK, die voorgenome transaksie met Senwes Beperk en alle belanghebbendes mag hê.

Uitgereik deur MGK Bemarkingskommunikasie
Navrae: Nic Bronkhorst, Bestuurder: MGK Groep Bemarkingskommunikasie, nicb@mgk.co.za, 082 629 7766